LAERSKOOL KOLLEGEPARK

BELANGRIKE INLIGTING VIR KWARTAAL 2: 2024

Nuusbrief 2: 3 April 2024

Geagte Ouers/Voogde

'n Besige eerste kwartaal is agter die rug en ons hartlike dank aan elke leerder en ouer vir harde werk en u volgehoue ondersteuning gedurende die eerste kwartaal.

Die atletiek was 'n reuse sukses met 14 atlete wat aan die Gauteng Atletiekkampioenskappe gaan deelneem het. Baie geluk aan Miané en Emma de Clercq wat deelgeneem het aan die SA Kampioenskappe. Emma het 'n 3de plek en Miané het 'n 6de plek in die 1 200m behaal. Dit is voorwaar 'n uitsonderlike prestasie.

Die skool se redenaars het ons skool se naam hooggehou by die Super 12-Redenaars.

Baie dankie aan al die leerders, onderwysers en die ouers vir die mooi gesindheid waarmee ons leerders kon gaan toer.

Geluk aan Mev. Christa van Bemmel met die geboorte van hulle babaseuntjie, Theo.

Baie welkom aan mev. Michelle Bezuidenhout wat in ons "enjinkamer" aansluit in die plek van mev. Gerda Pretorius. Ook welkom aan mev. Zanelle Burger wat die graad 5 Afrikaans by mej. Wessels gaan oorneem. Mej. Wessels skuif na die rekenaarlokaal waar ons die tweede kwartaal gaan begin met 'n leesprogram vir al die leerders. Ons vertrou dat hierdie die begin van 'n ongelooflike ervaring in ons Kollegeparkfamilie sal wees.

Ons innige simpatie met Hanru Pelser en sy familie met die afsterwe van sy pappa.

Die tweede kwartaal is propvol aktiwiteite en 'n formele eksamen en ten einde dit vir u makliker te maak om u eie beplanning te doen, gee ons 'n paar belangrike datums aan u deur. Neem egter kennis dat van die sportdatums mag verander. Afrigters sal u op hoogte hou van enige veranderinge.

Sportaangeleenthede:

- 06 April: Super 12-Rugby en netbal te Laerskool Helderkruin
- 09 April: Super 12-Rugby en netbal te Camp Discovery
- 10 April: Skaak te DF Malherbe
- 11 April: Netballiga - Eligwa vs. Kollegepark (weg)
- 16 April: Netballiga - Kollegepark vs. Risiville (tuis)
- 17 April: Skaak – Kollegepark vs. Lumiere te Noordskool
- 18 April: Rugby Superliga: Vryheidsmonument vs. Kollegepark
- 19 April: Mini-sport te Laerskool Totius

- 23 April: Netballiga – Emfuleni vs. Kollegepark (weg)
- 25 April: Rugby Superliga: Vaalpark vs. Kollegepark
- 27 April: Mini-netbal te Lumiere
- 30 April: Netballiga – Kollegepark vs. Laer Volkskool (tuis)
- 02 Mei: Rugby Superliga – Kollegepark vs. DF Malherbe
- 03 Mei: Mini-rugby en -netbaldag te Laerskool Kollegepark
- 07 Mei: Rugby Superliga – Kollegepark vs. Risiville
- 07 Mei: Netballiga – Midvaal vs. Kollegepark (weg)
- 08 Mei: D8 Mini-netbal Fees
- 10 Mei: Mini-netbal te DF Malherbe
- 14 Mei: Netballiga – Kollegepark vs. DF Malherbe (tuis)
- 15 Mei: D8 Mini-netbal Fees
- 15 Mei: Skaak – Kollegepark vs. Emfuleni tuis
- 16 Mei: Rugby Superliga – Volkskool vs. Kollegepark
- 21 Mei: Netballiga – Vryheidsmonumnet vs. Kollegepark (weg)
- 21 Mei: Rugby Superliga Valke Sedibeng semi-finaal
- 22 Mei: D8 Mini-netbal Fees
- 22 Mei: Rugby Superliga Valke Sedibeng semi-finaal
- 25 Mei: Mini-netbal te Risiville
- 29 Mei: Rugby Superliga Finaal
- 30 Mei: Rugby Superliga Finaal
- 31 Mei: Netbal Sedibeng uitspele
- 01 Junie: Netbal Sedibeng uitspele
- 07 Junie: Netbal – GSN te Randburg
- 07 Junie: Mini-rugby en -netbal te Vaalrivier

Kultuuraangeleenthede:

- ATKV-Redenaars te Laerskool Concordia: 11 en 13 April
- Oppie Tong Af Redenaars: Inskrywings sluit 12 April en deelname is tussen 09 Julie en 08 Augustus.
- Radikale Redenaars: Inskrywings sluit 16 Mei, sluitingsdatum vir inhandiging van video's is 30 Mei.
- Reëlings i.v.m. inskrywings vir die Vaaldriehoek- en Vereeniging Kunstefeeste sal deurgegee word sodra dit ontvang is.

Ander:

- 05 April: Koekverkoping graad R
- 11 April: Oueraand op uitnodiging tussen 16:00 & 18:00
- 12 April: Haarinspeksie
- 01 Mei: Werkersdag - Publieke vakansiedag
- 08 Mei: Graad 3 – Uitstappie na Johannesburg Dieretuin
- 09 Mei: Hemelvaart

- 17 Mei: Haarinspeksie
- 18 Mei: Graad RR, R en 1 Opedag
- 27 Mei: Kolbee verjaar
- 29 Mei: Nasionale Stemdag
- 31 Mei: "Funky Dag"
- 03 Junie: Begin met insameling van blikkeskos en troeteldierkos
- 07 Junie: Koekverkoping graad 1
- 12 Junie: Fotodag

Eksamenrooster:

- 29 April: Grondslagfase – Deurlopende assessering begin
- 02 Mei: Formele assessering Afrikaanse begripstoets
- 07 Mei: Formele assessering Engelse begripstoets
- 13 Mei: PSW
- 14 Mei: NW graad 4 -7
- 15 Mei: Afrikaans graad 4 - 7
- 16 Mei: SW (Geografie) graad 4 - 7
- 17 Mei: K&K graad 7
- 20 Mei: EBW graad 7
- 21 Mei: Wiskunde graad 4 – 7
- 22 Mei: Engels graad 4 - 7
- 23 Mei: Tegnologie graad 7
- 23 Mei: Grondslagfase Deurlopende Assessering eindig
- 24 Mei: SW (Geskiedenis) graad 4 – 7

Met dankbaarheid en opgewondenheid kan ons in hierdie nuusbrief noem dat ons gedurende die 2de kwartaal sal begin met die opgradering van die gr. RR-terrein en klaskamers.

Baie dankie aan al die ouers wat reeds **skoolfondsverpligtinge** nagekom het. Graag herinner ons u aan die intreeskoolfonds van R400 per leerder wat reeds betaal moes wees en dat skoolfonds streng gesproke 'n maand vooruit betaalbaar is.

Baie sterkte vir 'n bedrywige 2de kwartaal.

Groete

Mnr. C.F. Herbst